Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JANUARIE 2018

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Publiek gewaarsku om tydens vakansieseisoen waaksaam te wees vir opportunistiese misdadigers

Met die somervakansieseisoen op ons drumpel, wil Overstrand Munisipaliteit graag inwoners en vakansiegangers waarsku om ekstra versigtig en bewus te wees van hul veiligheid oor dié tydperk.

Kriminele is daarvoor bekend om gedurende die hoogseisoen meer opportunisties te wees en besoekers word dus aangemoedig om te alle tye waaksaam te wees, om te voorkom dat hulle gedurende die vakansieseisoen geteiken word.

Items soos selfone, beursies en ander waardevolle artikels moet nie sonder toesig of maklik sigbaar gelaat word nie. Net so, moet motoriste nie enigiets van waarde op motorsitplekke laat lê waar dit duidelik sigbaar is nie. Dit word aanbeveel dat items eerder in die kattebak van u voertuig geplaas word.

En, as u besluit om lank op die strand of kranspad te gaan stap, vertel iemand waarheen u gaan en wanneer om u terug te verwag.

Rand Water en Waternavorsings-kommissie besoek Overstrand

Op die foto is Hanré Blignaut (Adjunkdirekteur: Ingenieursbeplanning), Godfrey Madzivire (Raad vir Geowetenskap), Paul Lee (Umvoto), Shafick Adams (Waternavorsingskommissie), Danny Kuya (Rand Water) en Patrick Robertson (Bestuurder: Waterinfrastruktuur en -kwaliteit).

Op 29 November 2017 het 'n afvaardiging van Rand Water in Johannesburg en die Waternavorsingskommissie 'n besoek aan die Overstrand Munisipaliteit gebring om meer oor aanpassingswaterbestuur en die suksesvolle implementering van grondwater te leer.

Aangesien Preekstoel se Watersuiweringswerke (WSW) 'n eerste in sy soort in Suid-Afrika is, stel Overstrand die standaard vir ander munisipaliteite ten opsigte van die oespotensiaal van grondwater (akwifeerstelsels).

Hanré Blignaut, Adjunkdirekteur Ingenieursbeplanning het gepraat oor uitdagings wat verband hou met waterhulpbron-prioritisering en volhoubaarheidskwessies, en ook die kwessie van bestuur en institusionele belyning beklemtoon.

Paul Lee van Umvoto, die gekontrakteerde hidrogeologiese konsultante wat die munisipaliteit in die ontwikkeling van sy velde moet ondersteun, het inligting oor uitdagings in die bestuur van die waterdraer en die velde gedeel, met spesifieke verwysing na 'n outomatiese, hoëtegnologie-benadering wat lewendige data en vinnige reaksietyd behels.

Die afvaardiging was deur Patrick Robinson, Bestuurder van Waterinfrastruktuur en -kwaliteit op 'n toer van die Preekstoel Waterbehandelingswerke geneem en het een van die munisipaliteit se belangrikste grondwaterprojekte, naamlik die Gateway-boorgatveld in Hermanus, besigtig.

Wat maak die Preekstoel-aanleg so besonders?

Die spesifieke doel van die Preekstoel-aanleg is om die baie hoë yster- en mangaan-inhoud uit die boorgatwater te verwyder voordat dit met die behandelde oppervlakwater van die De Bosdam gemeng word. Preekstoel het 'n unieke biofiltreerstelsel wat gebruik word om mangaan- en ysterinhoud wat in grondwater voorkom te verwyder. Dit behels die skep van ideale toestande vir spesifieke yster- en mangaanverbruikende bakterieë om in die filtermedium te groei. Die pH en opgeloste suurstofinhoud van die water word beheer om die regte toestande vir die bakterieë te skep.

Padwerke op R44 (Clarence-rylaan) tydelik gestaak vir feestyd

Die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW) het periodieke onderhoud op die R44 tussen Rooi-Els en Gordonsbaai begin. Daar word verwag dat hierdie R59 miljoen-projek teen die middel van 2018 voltooi sal word.

Die pad was laas in 1985 opgeknap. Nietemin, as gevolg van groot krake in die oppervlak en ander oppervlakfoute, moet dit nou hernu word. Gepaardgaande elemente soos klipmure, strukture en afvoerslote vereis ook herstelwerk. Die projek sal kraakverseëling, laswerk, teerbolaag, sowel as herstelwerk aan duikers en skanskorwe insluit.

Die enkelbaan-konstruksie (met die sluiting van een baan) sal in afdelings met stop-en-ry-kontroles plaasvind om die verkeersvloei te beheer, en motoriste kan 'n wagtyd van 15 minute by hierdie punte verwag.

Die DVOW is daarvan bewus dat vertragings frustrerend is, maar geringe ongerief tydens konstruksie is onvermydelik. Wees egter verseker daarvan dat padgebruikers binnekort 'n veiliger en meer aangename reiservaring op hierdie pad sal kan geniet.

Vakansiegangers sal nie deur padwerke op die R44 geraak word nie, aangesien die stop-en-ry-kontroles tydelik verwyder sal word om die feestyd se verkeer te akkommodeer.

Die pad sal vanaf 15 Desember 2017 tot 14 Januarie 2018 oop wees vir tweerigtingverkeer.

Die stop-en-ry-stelsel sal op 15 Januarie 2018 heringestel word.

Overstrand se Verkeershoof, Rudi Fraser, het die publiek versoek om waaksaam te bly met betrekking tot padveiligheid en om by die spoedgrens te hou, aangesien verkeer na verwagting tussen 16 Desember 2017 en 2 Januarie 2018 'n hoogtepunt sal bereik.

• Die hoëgehalte-padinfrastruktuur wat die DVOW bied, is 'n belangrike komponent van 'n veilige en doeltreffende vervoerstelsel, en 'n instaatsteller van ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling in die Wes-Kaap.



Die geaffekteerde pad word in rooi aangedui

Plastiekballetjies (nurdles) - *waarskuwing*

Overstrand Munisipaliteit het lede van die publiek gevra om op die uitkyk te wees vir enige plastiekballetjies wat langs die kuslyn gevind mag word, en om enige waarnemings te rapporteer om te help om die spoor van hierdie potensieel-dodelike balletjies te volg.

Die klein plastiekballetjies - bekend as nurdles - was eerste op 26 Oktober op die Gansbaai-kuslyn gerapporteer, skaars 'n week nadat groot hoeveelhede aanvanklik op Durban se strande uitgespoel het. Dit, nadat twee skeepsvraghouers wat 49 ton nurdles bevat het van 'n Mediterreense Verskepingsmaatskappy (MSC) se vaartuig afgeval het, wat van sy ankerplek losgebreek het en met 'n ander skip in Durban Hawe gebots het. Die houers en verpakking het oopgebreek en honderde miljoene nurdles effektief in die see uitgewerp.

Volgens Overstrand se Departement Omgewingsbestuur was daar ook op die Grotto- en Voëlklip-strande nurdles aangetref. "Tot dusver het ons net 'n paar aanmeldings gehad dat dit op ons kus uitgespoel het. Die kuslyn word egter tans gemonitor, nie net deur die South African Shark Conservancy (SASC) nie, maar ook deur ander lede van die Cape Whale Coast Hope Spot wat die Dyer Eiland Bewaringstrust (DICT) en die Munisipaliteit insluit," het Omgewingsbeampte, Tarron Dry, bevestig.

"SASC doen 'n weeklikse steekproef-kontrole en is verder in kommunikasie met die Perlemoenplase in die omgewing, en vra dat hulle hul filtrasiestelsels vir enige nurdles monitor," het hy bygevoeg.

Die Probleem

Hierdie hinderlike klein goedjies gaan nooit weg nie. Nurdles is skadelik vir diere wat dit baie keer vir kos aansien. Dit is nie net giftig nie, maar kan ook nie verteer word nie - met 'n aaklige eindresultaat van verstopte spysverteringskanale, hongersnood en uiteindelike dood. Daarbenewens verstop die verslete mikrofragmente filtervreters en sit vas in asemhalingskieue. Hulle lyk net soos viseiers, wat voëls asook seediere beïnvloed.

Aanbevole Opruiming

Indien u hierdie nurdles teëkom, kontak asseblief SASC by 028 312 3029 of Dyer Eiland Bewaringstrust by 082 907 5607, en onthou om presies te meld waar dit gevind was.

Toekenning om vergroening te vier

Op die foto is die Overstrand-afvaardiging wat namens die munisipaliteit die trofeë en sertifikate vir die Groenste Munisipaliteit ontvang het (links na regs): Mike Bartman (Adjunkdirekteur: Gemeenskapsdienste), Johan van Taak (Bestuurder: Vaste Afval), Lauren Rainbird (Tuinboukundige en Blouvlag-koördineerder) en Hanré Blignaut (Adjunkdirekteur: Ingenieursbeplanning).

Nog 'n veer in Overstrand Munisipaliteit se hoed, met die tweede plek in die Groenste Munisipaliteit-kompetisie vir die Wes-Kaap 2017! Die kompetisie is deur die Swartland Munisipaliteit (Malmesbury) gewen, terwyl die Hessequa Munisipaliteit (Riversdal) derde gekom het. Overstrand het die kategorieë vir Afvalbestuur, Waterbewaring en Waterbestuur, sowel as Biodiversiteitsbestuur gewen.Overstrand het in die afgelope nege jaar die Afvalbestuurkategorie sewe keer gewen en in die afgelope vyf jaar die Waterbestuurkategorie vier keer gewen.

Die Munisipaliteit het ook tydens dieselfde kompetisie erkenning ontvang vir innoverende projekte/praktyke in water (vir die langtermyn-werksaamhede en onderhoudskontrak van die grootmaatwaterdienste om doeltreffendheid te verbeter) en afval, (Heroorweeg die Sak/Re-think the Bag-inkopiesakke). Die toekennings vir die Groenste Munisipaliteit-kompetisie was op 27 November by die Lord Charles-hotel in Somerset-Wes deur die Wes-Kaapse Premier, Helen Zille en Anton Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning oorhandig. LUR Bredell het in sy hooftoespraak gesê: "Die Kompetisietoekennings vir die Groenste Munisipaliteit vier die voortgesette harde werk wat ons dorpe laat funksioneer, die passie van amptenare wat werk ten spyte van uitdagings verrig, en die gees van samewerking en pogings om ons hulpbronne wys te gebruik. tot voordeel van al ons burgers." Elemente wat vir die Groenste Munisipaliteit-kompetisie beoordeel was sluit in afvalbestuur, energiedoeltreffendheid en bewaring, biodiversiteitsbestuur, waterbestuur en -bewaring, luggehaltebestuur, leierskap, institusionele reëlings en openbare deelname. Saam met die tweede plek in die algehele kompetisie het Overstrand ook prysgeld van R70 000 verseker. Die kompetisie word gereël deur die Wes-Kaapse Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning en sal voortaan elke twee jaar gehou word, met die volgende ronde wat in 2019 sal plaasvind.

Met groot vreugde word die Sertifikaat van Uitstaande Prestasie as Naaswenner ontvang deur (links na regs) Overstrand Munisipale Bestuurder, Coenie Groenewald, Direkteur van Infrastruktuur en Beplanning, Stephen Müller en Onderburgemeester Dudley Coetzee.

VLAK 1 WATERBEPERKINGS DUUR VOORT

Met waterbeperkings wat vanaf 1 November 2017 slegs in die Groter Hermanus-gebied ingestel was, is Overstrand bly om te rapporteer dat inwoners dit nakom en ons waardeer die pogings. Hou asseblief aan om die onderstaande beperkings gedurende die feestyd na te kom:

- Geen natmaak van tuine, blombeddings, sportvelde, parke, grasperke en ander oop ruimtes met munisipale drinkwater word toegelaat nie, behalwe vir:
  - Een uur per dag, voor 09:00 of na 17:00, twee dae per week.
  - Adresse met gelyke nommers SLEGS op Woensdae en Sondae.
  - Adresse met ongelyke nommers SLEGS op Dinsdae en Saterdae.
- Was van voertuie en vaartuie met tuinslange word slegs toegelaat indien dit met outomatiese selfsluitende toestelle toegerus is.
- Was of afspuit van areas met 'n harde oppervlak of plaveisel met munisipale drinkwater word nie toegelaat nie.

Outomatiese vrystellings

- Natmaak van plante in kwekerye, ens. vir handelsdoeleindes, word van die waterbeperkings vrygestel.
- Indien alternatiewe waterbronne gebruik word, moet verbruikers verseker dat hulle die toepaslike uithangbord ten toon stel, wat duidelik sigbaar is vanaf 'n openbare deurgang.

Navrae kan gerig word aan me A Bayley by tel. 028 313 8972 of per e-pos na depdircomsec@overstrand.gov.za

BLOUVLAG *WAPPER*

Dit is amptelik - drie van Overstrand se strande was die reg toegeken om hierdie somer die gesogte Blouvlag te laat waai.

Seremoniële geleenthede was op Donderdag 30 November 2017 by Grotto, Hawston en Kleinmond se strande gehou om die Blouvlagseisoen in te huldig. Die gehysde vlae sal ook as 'n teken dien vir beide plaaslike inwoners en besoekers, dat die betrokke fasiliteite aan die nodige vereistes voldoen het om hulle skoon, veilig en omgewingsvriendelik te verklaar.

Daarbenewens is die Blouvlag-program ontwerp om omgewingsbewustheid te verhoog en om die gemeenskap op te voed oor die behoefte aan versorging van ons kuslyn. Die program bepaal voorts dat watermonsters met gereelde tussenposes geneem word en dat 'n onafhanklike laboratorium vir die toets van alle seewatermonsters verantwoordelik moet wees. Verdere erkenning is ook aan Castle Beach in Pearly Beach gegee, wat Loodsstatus ontvang het.

In sy toespraak tydens die vlagseremonie in Grotto, het die Burgemeesterskomiteelid vir Gemeenskapsdienste, en die Portefeuljevoorsitter onder wie blouvlae in Overstrand val, Rdl Andrew Komani, die belanghebbendes, vennote en alle bydraers geprys dat hulle verseker het dat Overstrand vir 'n opeenvolgende jaar Blouvlagstatus kon bereik.

"Ons plaas 'n baie hoë waarde op die Blouvlag vanuit 'n ekonomiese en toerisme-bemarkingspunt. Toeriste word ongetwyfeld na ons strande getrek weens dit wat die Blouvlag verteenwoordig," het Komani bygevoeg.

"Ons moedig dus alle inwoners en besoekers aan om hierdie strande en sy fasiliteite verantwoordelik te gebruik. Bly bewus van die bewaring van ons mariene en kusomgewings en behou die impak van u teenwoordigheid tot 'n minimum," het hy afgesluit.

Grotto se Blouvlagstatus het op 1 Desember in werking getree en sal tot 31 Maart 2018 van krag wees. In die geval van Hawston en Kleinmond, sal hierdie status op 15 Desember in werking tree en tot 15 Januarie 2018 in plek bly.

In Suid-Afrika word die program deur WOVSA (die Wildlewe- en Omgewingsvereniging van Suid-Afrika) bestuur, in samewerking met deelnemende munisipale owerhede. Vanjaar is aan 44 Suid-Afrikaanse strande Blouvlae toegeken, waarvan 28 in die Wes-Kaap, die titel ontvang het. 'n Bykomende 22 strande regoor die drie provinsies het 'n loodsstatus ontvang.

Blouvlagstandaarde word slegs op die deelnemende strand se bepaalde seisoen afgedwing, wat wissel van net een maand van 'n jaar tot die volle 12 maande.

Grotto-strand is al 17 agtereenvolgende jaar deel van hierdie gesogte toekenning, terwyl Hawston en Kleinmond se strande al 12 jaar lank Blouvlagstatus geniet.